

SAHARA - AVONTUUR
REEKS
NO. 8
BLOED VOOR DIE SON
Meiring Fouché

# BLOED VOOR DIE SON

*deur*

**MEIRING FOUCHE**

*Uitgegee deur*:

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2022

# Bloed voor die Son

Voorbladskets is die oorspronklike voorblad van die 1980's se uitgawe.
Hierdie boek is die derde uitgawe (aangepaste weergawe), maar in e-boek formaat.

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting.
Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

BLOED VOOR DIE SON
deur Meiring Fouche

ISBN 978-1-928498-07-0

Uitgegee deur:
Skatkis Boeke - Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2022)
Aanlyn winkel: https://panther-ebooks.com
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

# OPSOMMING

Brigitte Bonnet, die magtige leidster van die trotse Doelak volk is uiteindelik gevang deur die soldate van die Franse Vreemdelegioen. Vir haar aandeel in die dood van verskeie Legioensoldate, het die Franse Opperbevel besluit dat sy sommer by die Franse fort Dini Salam, in die Sahara woestyn tereggestel moet word. Die blonde Suid-Afrikaner, Teuns Stegmann, wat ’n groot aandeel gehad het in haar gevangeneming, word ook die bitter taak opgelê om deel te neem aan die teregstelling.

Die oggend van haar teregstelling, ontdek kaptein D’Arlan tot sy groot ontsteltenis dat sy spoorloos verdwyn het. Na ’n deeglike ondersoek kry hulle ’n verdagte en kolonel Le Clerq, bevelvoerder van fort Dini Salam, stuur vir kaptein D’Arlan, Teuns Stegmann, Jack Ritchie, Fritz Mundt en Podolski om die verdagte te gaan aankeer en ondervra. Maar dinge loop lelik skeef en hulle word almal ontvoer en in die warm Sahara woestyn ingeneem. Die Arabier wat hulle geskaak het, wil ’n losprys opeis as hy hulle aan madame Brigitte Bonnet gaan oorhandig, maar hy is ook agter die Sabel van Doetra aan, wat se waarde nie eers geskat kan word nie. Hierdie fabelagtige skat het Teuns Stegmann en sy paar boesemvriende in die Legioen, lank gelede by ’n oase versteek, en het die Arabier daarvan te hore gekom.

Op pad na die oase word hulle hele karavaan onverhoeds

deur wrede Touaregs aangeval en met die hulp van kaptein D’Arlan en sy manne slaag hulle net-net daarin om die oorhand te kry. Na die kort skermutseling ontdek hulle tot almal se skok dat Teuns Stegmann makeer. As straf neem die Arabierse leier ’n sambok en slaan kaptein D’Arlan se rug rou daarmee. Omrede nie een wil vertel waar die Sabel van Doetra weegesteek is nie, kry hulle geen kos of water en moet voetslaan verder. Na lank daarna word daar deur ’n geheimsinnige ruiter, kort-kort op hulle geskiet en elke keer sterf van die Arabiere. Uit woede word kaptein D’Arlan en Jack Ritchie in die woestyn op die sand oopgespalk en daar gelaat om ’n wrede dood te sterf. Fritz Mundt en Podolski wat oorbly beraam ’n briljante plan en dit gee Fritz die geleentheid om ook te ontsnap en terug te gaan op hul spore, om te sien of hy nie dalk vir kaptein D’Arlan en Jack Ritchie kan gaan red nie.

Met Arabiere kort op sy hakke het Fritz later sy hande behoorlik vol om van hulle ontslae te raak en moet hy al sy vernuf gebruik om te oorleef. By die plek waar kaptein D’Arlan en Jack Ritchie vasgemaak is, kry Fritz slegs die beendere van ’n Arabier, beide manskappe is egter skoonveld! Fritz weet nie herwaarts of derwaarts nie en dan begin iemand skielik weer op hom losbrand. Dit is sy getroue vriend Teuns Stegmann en die het baie goeie nuus vir hom. Met feitlik almal weer bymekaar, beweeg hulle terug na die oase toe, om hulle laaste vriend Podolski, uit die hande van die wrede Arabier te gaan probeer red.

Naby die oase waar die Sabel van Doetra weggesteek is, val hulle teen alle verwagtinge weer in die hande van die Arabier en sy makkers. Om dinge te vererger ontdek hulle honderde Doelaks by die oase. Die Arabier wat hulle ontvoer het besluit daar en dan om hulle almal net daar te onthoof en dan die pad te vat, voor die Doelaks van hulle teenwoordigheid naby die oase bewus raak. Dit is dan wanneer Teuns sy laaste troefkaart speel en almal in hulle spore tot stilstand ruk van pure skok en ongeloof...

# UITTREKSEL

Jack sak op die sand neer en wag. Hy weet dit is net ’n kwessie van tyd. Die spanning om D’Arlan se baadjie in die hande te kry en dit met ‘n gesukkel oor sy rug te plaas, het hom net verder uitgeput. Vir hom voel dit asof hy geen krag meer oor het nie, asof hy selfs nie met los hande in staat sal wees om met ‘n aasvoël af te reken nie. Hy voel die warm sand aan sy gebarste lippe en dit laat hom sy kop vinnig draai. Hy worstel teen ’n beswyming wat dreig om hom in die die donker dieptes weg te sleur. Hy veg daarteen, want hy weet as dit hom eers oorval, dan is dit die einde. Die honger en dors pynig hom met ’n nuwe drif en hy voel hoe die trane in sy oë brand.

# INHOUD

**Hoofstuk**

1. Die Dood Wag

2. Verraad

3. Na die Woestyn

4. Bloedige Sambok

5. Kastyding

6. Skadu’s oor die Sand

7. Koeëls Sing

8. Hoewe deur die Nag

9. Bloed in die Son

10. Na die Oase

11. Moordende Vuiste

# 8. BLOED VOOR DIE SON

## Hoofstuk 1
## DIE DOOD WAG

Die jong vrou met die rooibruin hare en die groen oë staan nogmaals van die harde houtbankie af op en loop na die klein tralievenster waardeur die koel aandwind op haar gesig waai. Dit streel haar warm wange en sy kyk uit na die skemer wat stadig oor die woestyn daal, die woestyn wat sy so lief het en waarna sy so hunker. Sy kyk na die rooi band wat die ondergaande son teen die purper hemel gooi en dan kyk sy verder suidwaarts, na waar die lug diep blou is, na waar die Atlasberge geleë moet wees.

Iewers slaan ’n klok agtuur.

Stadig, slag vir slag, en die klokslae klink soos ’n verdoemenis vir haar.

Sy sluit haar mooi oë vinnig en laat haar voorkop dan stadig teen die tralies sak.

“Nog een nag!” prewel sy en haar hande sluit krampagtig. “Nog net een nag!”

Sy voel meteens die sweet koud op haar voorkop en sy voel haar hande bewe van ongeloof en vrees.

Want nou, vir die duisendste keer, besef sy weer dat hierdie haar laaste nag op aarde is, die heel laaste. Dalk sal sy môre oggend nog die son sien opkom. Dalk nie.

Sy swaai vinnig van die venster af weg en gaan terug na die houtbankie. Sy gaan daarop sit met haar kop tussen haar bewende hande. Sy voel die ruk van haar hart en die geklop van haar bloed soos hamerslae op haar slape.

“Die laaste nag, die heel laaste!” fluister sy wanhopig en sy staar meteens na die diep, grys graniet van die selmure om haar. As sy net die krag gehad het, sou sy hierdie mure met haar hande omgestoot het om weer vry te wees, om weer die hitte van die son op haar hande te voel, om weer die koel streling van die woestynwind op haar gloeiende wange te voel en om weer die ritmiese beweging van ’n groot perd onder haar te voel.

Sy hoor weer die duidelike woorde van die Franse generaal, so duidelik asof hy dit nou hier in haar teenwoordigheid uitspreek.

“Die krygshof bevind u skuldig, *Madame*. U is skuldig aan sedisie, kriminele opstokery en bloedvergieting. U sal môre oggend met sonop in hierdie fort tereggestel word deur ’n vuurpeloton. Is daar iets wat u wil sê?”

Daar was so baie wat sy wou gesê het, so baie dinge wat sy vir hierdie Franse magshebbers wou uitgeskreeu het. Maar snaaks, terwyl daardie vernietigende woorde nog in haar ore gehuiwer het, was sy nie in staat om ’n enkele woord uit te kry nie. Sy wat die krygers van die woestyn in soveel bloedige aanvalle gelei het, sy wat groot mans laat martel het totdat hulle soos verlore kinders geskreeu het, sy wat dit alles gedoen het, het toe geen woorde gehad om te sê nie.

’n Oomblik dink sy aan die Atlasberge, aan die groot kom waar die hoofstad van die Doelaks geleë is. Sy dink aan die groot, koel paleis wat sy daar bewoon het en sy dink aan die onderdanigheid van die woeste woestynstryders wat sy aangevoer het.

Maar net vir ’n oomblik, want dan is haar gedagtes weer dadelik terug by wat vandag alles gebeur het. Die hitte in die klein saal van die kaserne gebou, die hoë Franse offisiere met hul indrukwekkende uniforms, die vrae, die kruisverhoor en die beskuldigings. Sy dink aan die lang dae wat sy in hierdie sel deurgebring het, voordat hulle met hul verhoor begin het. Die lang, eensame dae wat so stadig verby gesleep het.

Sy vlieg weer van die bankie af op en gaan weer voor die venster staan, gryp die koel tralies met haar hande vas en tuur na die aandlig wat stadig oor die wêreld verdiep. Daar is ’n hyging in haar keel en toe laat sy haar gesig snikkend teen die koue graniet sak.

Nog een nag!

Nog net een nag!

Wanneer die môre kom, wanneer die lig weer kom, dan kom die dood.

Sy snik en die trane rol oor haar wange en dit is die eerste keer in baie jare. Die laaste maal dat sy gesnik het, was toe sy verneem het dat die Vreemdelegioen haar suster Karima, leidster van die Doelaks, hier in die woestyn gedood het. Dit was die laaste keer.

Maar nou snik sy, want die vrees het van haar weer ’n vrou gemaak. Dit het die krygersmantel van haar afgeskeur en al die wreedheid en woede uit haar verwyder.

Sy is nou weer ’n gewone snikkende vrou.

Die nag kruip stadig nader oor die woestyn.

Die oggend word seker al weer iewers anderkant die see

in die ooste gebore. Die oggend van haar dood.

***

“Drink en wees vrolik, Broeders, want môre of oormôre steek ons dalk die moord.” Die harde stem klim uit bo die gedreun van baie stemme in die Arabierse kafee. Dit is die stem van Fritz Mundt, die groot blonde Duitser, die sterkste man in die Franse Vreemdelegioen. Sy yslike hand sluit weer om die bottel en hy skink die vier glase voor hom weer vol.

“Prosit!” bulder Fritz en lig sy glas omhoog. “Prosit, Boerkêrel!” skreeu hy weer en slaan vir Teuns Stegmann so hard agter sy skouers dat die blonde Suid-Afrikaner na sy asem hyg.

Daar kom ’n ligte opstand in Teuns se blou oë, toe hy onderlangs na die Duitser opkyk.

“Jy moet jou pote tuis hou, ou grote,” sê Teuns. “As ek my nou sou vererg, slaan ek gate deur daardie karkas van jou!”

“Ho-ho-ho! Ha-ha-ha!” lag Fritz en buig sy groot kop agteroor. “Hoor wie wil gate in Fritz Mundt slaan! Luister ’n bietjie!”

“Ek het al vantevore gesien dat Teuns jou in die grond slaan, ou grote,” sê Podolski, die Pool.

“Hy het net bek,” las Jack Ritchie, die Engelsman by. “Hy kan net drink en grootpraat. Ek sweer klein Petacci gee hom nog eendag ’n loesing as hy hom genoeg sou vererg.”

“Maar julle is vanaand almal danig opstandig,” kla Fritz

en sit sy glas neer en loer onderlangs na die ander drie. “Almal wil my net vermoor.”
“Jy praat gans te veel, ou grote,” sê Teuns en neem ’n slukkie van die stroperige, onsmaaklike wyn wat so taai is dat jy amper daaraan verstik.
“Hoekom kan ek nie praat nie?” wil Fritz weet.
“Mundt,” sê Podolski skerp. “Het jy vergeet dat ’n vrou môre oggend hier tereggestel gaan word? Ek dink nie ons is vanaand in die stemming vir jou uitspattigheid nie.”
“Vir hom is dit seker ’n groot grap,” kap Jack Ritchie.
Fritz vee vinnig met sy hand oor sy groot pan en sy oë verander. Dan kom daar ’n diep frons op sy gesig.
“Is dit, is dit tog nie oor hierdie vroumens wat julle vanaand almal so gevrek is nie?” Hy leun ver vooroor oor die tafel terwyl hy die vraag vra. Daar is diep skok op sy gelaat. “Sy is nie ’n vrou nie. Sy is ’n heks.”
“Laat dit wees soos dit wil,” betig Teuns Stegmann hom. “Sy is steeds ’n mens. En môre oggend word sy doodgeskiet.”
“Sy’s ’n heks!” skreeu Fritz en slaan hard met sy hande op die tafel. Sy oë word baie nou en daar is spanning op sy gesig. Hy krom sy hande. “Het julle vergeet wat sy ons aangedoen het? Het julle vergeet hoeveel onskuldige mense sy op ’n aaklige manier na hul dood gestuur het? Sy is ’n gevaar in die woestyn! Hulle moes haar al lankal teen die muur gesit het.”
“Maar sy is ook ’n vrou,” sê Jack Ritchie. “’n Mens skiet nie vroumense dood nie.”
“Sy het haar soos ’n barbaar gedra,” sis Fritz woedend en

drink vinnig aan sy wyn.
“Hulle kon haar hier weggeneem en gaan opsluit het, haar selfs gedeporteer het,” meen Teuns. “Ek sidder daaraan as ek dink ’n vrou moet doodgeskiet word.”
“Die hemel weet waarom hulle haar hier verhoor het en waarom hulle haar hier wil teregstel. Waarom kon hulle dit nie in Algiers gedoen het nie?” kla Podolski. “Dit gaan net weer die wêreld hier in die woestyn onnodig aan die brand steek, as hulle haar in Dini Salam teregstel.”
“Boeta,” sê Fritz, “hulle kan haar doodskiet net waar hulle wil, maar die vonke gaan nogtans spat. Hierdie is nou net die ding om weer hierdie geelbekke op die oorlogspad te kry. En ek dink jy is die eerste man wat aan die pen gaan ry, Teuns Stegmann,” sê die Duitser. “Jy is mos die een wat haar in die lokval gelei het sodat kaptein D’Arlan haar kon vang, nie waar nie?”
“Jy laat my sidder van bangheid, ou grote,” sê Teuns en probeer daarmee die Duitser se opmerking afskud. En tog, dit bly in sy gedagtes vassteek. Hy is die man wat hierdie vrou so dodelik in die arms van kaptein D’Arlan en die Vreemdelegioen gelei het. Hy is die man wat destyds die spul perde in die woestyn op loop gejaag het, toe hulle haar suster El Karima doodgetrap het.
“Jy hoef nie te lag nie, Teuns,” sê Jack Ritchie. “Hierdie Arabiere het die mes in vir jou, Broeder. Hulle sal seker geen kans laat verby gaan om jou ooglede af te sny en jou in die son te gooi vir die aasvoëls nie.”
“Moenie op Teuns se senuwees probeer werk nie,” troos Podolski. “Hierdie geelbekke is nie kieskeurig nie. Hulle

sal enigeen van ons braai as hulle die kans kry.”
“Waarom skielik so stil, ou grote?” vra Teuns.
Fritz vee eers ’n slag oor sy gesig.
“Snaaks,” sê hy, “sy is ’n heks, maar ek dink aan haar oë. Sulke mooi groen oë en sulke mooi hare. Ek hou baie van daardie soort hare.” Hy swyg ’n rukkie en toe praat hy weer verder. “Maar ek haat haar. Wanneer ek môre oggend die skote van die vuurpeleton hoor, sal ek dankbaar wees.”
“Jou gevoellose dier,” sê Jack Ritchie en sluk die res van sy wyn weg.
“Hierdie is ’n baie weemoedige aand,” sê Fritz en kyk af op sy hande.
“En toe?” sê Podolski en kyk by Fritz verby na die deur se kant toe. Die ander kyk ook daarheen.
“Dit is Abdoel Hoessein,” sê Teuns Stegmann. “Die grootste handelaar in Dini Salam.”
“Hy lyk taamlik vriendelik,” bevind Jack Ritchie. “Seker vandag weer meer geld gemaak as waarop hy geregtig is.”
“En dan trek hy ook nog soos ’n wafferse sjeik aan,” spot Fritz.
“Ek vertrou die vuilgoed glad nie,” merk Teuns kalm op.
Hulle kyk almal vinnig na Teuns wat so neerhalend van die groot Arabier praat. Die Arabier is groot en indrukwekkend in sy spierwit kleed, met die purper omboorsel en die netjiese wit tulband, waarin een rooi robyn helder skitter.
“Ek het dan gemeen Abdoel Hoessein is so ’n goeie burger van die koloniale Frankryk?” sê Fritz spottend.